CHRISTELIK CHRISTIAN | INCLUSIVE INKLUSIEF | TOEGANKLIK APPROACHABLE | BALANCE BALANS

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL PRIMARY EXCELLENTIA

Uit die Hoof se Kantoor

Geagte Ouers, Leerders en Personeel

Filippense 2:3-4 "Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself. Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na mekaar se belange."

Soos ons die einde van nog 'n besige en betekenisvolle skooljaar nader, wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om elke lid van ons skoolgemeenskap opreg te bedank vir die rol wat julle gespeel het om van hierdie jaar 'n sukses te maak.

Aan al ons leerders wat tans met eindjaareksamens besig is; ons wens jul sterkte, deursettingsvermoë en sukses toe. Mag julle harde werk en voorbereiding vrugte afwerp. Onthou dat sukses nie net aan die punte wat julle behaal, gemeet word nie, maar ook aan die groei, vasberadenheid en karakter wat julle onderweg ontwikkel.

'n Spesiale woord van waardering aan ons ouers en personeel. Dankie vir julle onbaatsugtige toewyding, lojale ondersteuning en bereidwilligheid om dikwels die ekstra myl te loop. Dit is juis deur hierdie gesamentlike insette, samewerking en gedeelde passie dat ons 'n omgewing waarin ons kinders veilig, gelukkig en met selfvertroue kan ontwikkel, kan skep.

Filippense 2:3-4 herinner ons juis daaraan om nie net aan ons eie belange nie, maar ook aan dié van ander te dink. Hierdie beginsel van diensbaarheid en omgee behoort die fondament van ons skoolgemeenskap te wees. Gebruik die vakansie om asem te skep, tyd saam met geliefdes deur te bring en nuwe krag in volgende jaar se uitdagings te vind.

Dankie dat julle deel van die skool se storie is.

Vriendelike groete

STEVEN SWANEPOEL
SENIOR-ADJUNKHOOF - OPERASIONEEL

SKOOLFOOIE 2027

Alleen kan jy vinniger beweeg, maar saam kan ons verder kom.



LMRP SKRYFBEHOEFTE-UITREIK

'n Skool in Pretoria ervaar groot nood aan skryfbehoeftes vir hul leerders. Ons wil hul graag help om Januarie 2027 reg af te skop. Ons versoek u vriendelik om skryfbehoeftes wat dalk in die asblik sou beland, te skenk. Enige skryfbehoeftes is welkom; halwe potlode; onvolledige pakkies inkleurpotlode; liniale; ens.
Daar sal 'n houer by ontvangs wees om die skryfbehoeftes in te sit. U is ook welkom om dit aan die registeronderwysers te stuur.

Ons wil graag 'n nuwe tradisie begin: indien graadsewe-leerders sou wou, kan hul, hul pennesakkie op die banke los na afloop van hul laaste eksamen.



By voorbaat dankie vir hierdie groot Kersgeskenk!



SPORTHUIS-INDELING

Met die aanvang van 2027 sal leerders in sporthuise heringedeel word. Hierdie herindeling is op die leerders se Edana-profiel op die toep beskikbaar, en dit sal aan hulle gekommunikeer word.
Die sporthuise is as volg:
Grasuile (maroen);
Kingfishers (teal); en
Kiewiete (wit).
Leerders kan steeds hul bestaande huis-T-hemde tydens die oorgang dra.



UNIFORMKLEREWINKEL
DESEMBER 2026 / JANUARIE 2027
VAKANSIE-URE

Woensdag 2 Desember	07:00-16:00
Donderdag 3 Desember tot Dinsdag 15 Desember	08:00-16:00
Saterdag 12 Desember (afsprake noodsaaklik - WhatsApp)	09:00-13:00
Woensdag 16 Desember 2026 tot Sondag 3 Januarie 2027	GESLUIT
Maandag 4 Januarie tot Vrydag 8 Januarie	08:00-16:00
Saterdag 9 Januarie (afsprake noodsaaklik - WhatsApp)	09:00-13:00
Maandag 11 Januarie en Dinsdag 12 Januarie 2027	08:00-17:00
Woensdag 13 Januarie 2027	Normale ure

Vir dringende navrae, WhatsApp of skakel 064 937 0551 / 065 073 8027

- Midstream Tydskrif Okt. ’26
- Uniformveran-deringe Okt. ’26
- Netbalvoorseisoen Kwartaal 4
- Capriole Stalle November-Vrydae

NASORG 2027

Inskrywings vir 2027 is nou oop. Volg asb. die onderstaande skakel om u kind te registreer:

NASORGREGISTRASIE 2027



Registreer

SKOOL VERDAAG OP VRYDAG 20/11 12:00



Almal; leerders en onderwysers, gaan aan dié pretloop deelneem! Die grootste vreugde is dat ons dit ten bate van Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kan doen. Maak nou jou donasie aan die Bybelgenootskap. Volg die onderstaande skakels vir meer inligting en om 'n donasie te maak:

INLIGTINSBRIEF

DONASIE

Bestel asb. so gou moontlik u kind(ers) se boeke vir 2027 om teleurstelling te voorkom en frustrasie te vermy.
Vanaf 15 Desember 2026 tot 4 Januarie 2027 sal geen bestellings geprosesseer word, of aflewerings / afhalings plaasvind nie.
U dringende samewerking word hoog op prys gestel.



BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

Kalender		Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer.
Sportkalender Kwartaal 4		Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan ook in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word.
Kwartaal Kalenders	2027 2028	
Nasorgsentrum	@RAKKERCARE	Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf
LMRP Aksie-fotos		Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons te stuur.
Edana		Hoe om die toepassing af te laai en te installeer
		Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang
Google Classroom		Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer
		Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai
Sosiale Media Toestemming		Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media.
LMRP Sosialemedia		Volg ons op *Facebook & Instagram*
Opdateer van Mediese Rekords		Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan.